The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

| Publication | | |
|---|---|---|
| POTCHEFSTROOM HERALD | | |
| Page | Date | AVE (ZAR) |
| 16 | Thurs 27 June 2019 | 2240.28 |



# Maak tuin en red die eike

Die historiese eikelaning is steeds vir Potchefstromers 'n groot bekommernis. Sedert daar aangekondig is dat die laning besig is om dood te gaan, het die Eikelaan Belangegroep, wat hulself daaraan toewy om 'n uitweg vir die oorlewing van dié bome te vind, alles in hul vermoë gedoen om die eikelaan te probeer red.

Een manier vir die eikelaan om minder bedreig te word, is vir mense wat eikebome op hul sypaadjies het om tuin onder die bome te maak, eerder as om dit te plavei.

Prof. Sarel Cilliers en Chris van Niekerk, beide verbonde aan die NWU, het 'n paar wenke vir grondeienaars wat teen die eikelaan woon, opgestel om te help om die eikebome te bewaar.

• Moenie onder die eikebome plavei nie of beperk die geplaveide gebiede. Gebruik slegs waterdeurlaatbare plaveisel, maar moenie die grond voor die tyd kompakteer of met chemikalieë behandel of met 'n ondeurlaatbare plastieklaag bedek nie.

• Maak 'n ornamentele tuin onder die eikebome. Plant sover as moontlik inheemse plante. Voorbeelde hiervan is Tulbaghia species; Agapanthus species; Dietes species; Plumbago auriculata; Freylinia tropica; Bulbine frutescens, Crocosmia aurea, Chlorophytum species en Anthericum spesies.

'n Grasperk kan ook aangeplant word, maar dit is nie so effektief soos 'n ornamentele tuin om water te laat infiltreer en die grond te verryk nie, en is boonop ook meer arbeidsintensief om te onderhou.

• Besproei die ornamentele tuin (of grasperk) gereeld en moenie enige vallende blare uit die ornamentele tuin verwyder nie. Dit dien as 'n deklaag en word mettertyd as organiese materiaal tot die grond toegevoeg. Hou die grond in die beddings los – die grond mag nie gekompakteer word nie. Rond die ornamentele tuin af met 'n 2,5 cm deklaag (aanvullend tot die vallende blare) wat by kwekerye verkrygbaar is.

• Indien dit onmoontlik is om 'n ornamentele tuin of grasperk onder die eikebome aan te plant, maak die bome gereeld nat nadat jy 'n boomput met 'n radius van ten minste 2 m vanaf die stam gemaak het. Boomputte moet min of meer sirkelvormig wees en die rand (walletjie) moet hoog genoeg wees om water binne te hou. Maak die bogrond in die boomput los tot 'n diepte van ongeveer 15 cm om waterinfiltrasie te verhoog.

• Moenie onder die bome parkeer nie, parkeer slegs in afgebakende gebiede.